

Hoe werk die verkiesingsprosedure?

Die skool se verkiesingsbeampte reik kennisgewings uit van die nominasieproses en die nominasie- en verkiesingsvergadering, waarin die datum, tyd en plek van die vergadering vermeld moet word. Hierdie kennisgewings moet minstens 21 dae voor die vergadering versprei word. 'n Hardekopie van die kennisgewing moet minstens 14 dae voor die vergadering aan elke leerder oorhandig word, sodat hulle dit aan hul ouers kan gee.

Hoe word kandidate vir die SBL genomineer?

'n Kandidaat mag slegs deur iemand wat aan dieselfde SBL-lidmaatskapkategorie behoort, genomineer en gesekeundeer word. 'n Nominasievorm wat deur die nomineerder, die kandidaat en die sekeundeerder ingevul is, moet hoogstens 7 dae en minstens 24 uur voor die verkiesingsvergadering by die verkiesingsbeampte ingedien word. 'n Lid kan ook gedurende die nomineringsfase van die vergadering voorgestel word, mits iemand anders van dieselfde kategorie die nominasie sekeundeer en die korrekte vorms by dieselfde geleentheid ingevul word. 'n Kworum van 15% van die ouers op die kieserslys moet aanwesig wees voordat die nominerings- en verkiesingsvergadering kan plaasvind. Indien sodanige kworum nie aanwesig is nie, moet die vergadering herskeduleer word.

Hoe kan u stem?

Stemming geskied deur middel van stembriewe. Elke stembrief moet die skoolstempel of 'n ander onderskeiende kenmerk dra om knoeiery te voorkom. Elke stemgeregtigde moet sy of haar stem in die geheim uitbring en die stembrief self in die stembus plaas. Stemgeregtigdes mag verkiesingsbeamptes om hulp vra indien hulle nie daartoe in staat is om self te stem nie.

Wat gebeur nou?

Nadat die stemme getel is, word elke verkose SBL-lid skriftelik aangaande sy of haar verkiesing in kennis gestel. Die skoolprinsipaal belê die eerste vergadering van die SBL binne 14 dae na die verkiesing daarvan, sodat die ampsdraers verkies kan word. Nadat die ampsdraers verkies is, stel die prinsipaal die distriksbestuur skriftelik in kennis aangaande die persone wat verkies is.

Onthou:

Die SBL en sy lede is teenoor die lede van die skoolgemeenskap toerekenbaar. Vergaderings moet belê word om ouers in te lig en om seker te maak dat enige besluite ten opsigte van skoolgeldverhogings demokraties deur die meerderheid ouers gesteun word.

Baie ouers en lede van die gemeenskap is traag om hulle vir nominasie beskikbaar te stel, omdat hulle meen dat hulle weens voltydse betrekkinge nie die vergaderings sal kan bywoon nie. Die lede van die SBL kan egter seker maak dat vergaderings gehou word op tye wat vir beide werkende en nuwewerkende ouers geleë is.

Maak seker dat u stem gehoor word en dat u 'n aktiewe rol in u kind se opvoeding speel, of deur u vir moontlike verkiesing tot die SBL verkiesbaar te stel, of deur die beste kandidate vir die SBL-verkiesing te nomineer en seker te maak dat u op die verkiesingsdag stem. En as u 'n lid van die gemeenskap is vir wie onderwys en Suid-Afrika se toekoms belangrik is, kan u gerus ook u stem laat hoor.

Indien u enige navrae het, kontak asseblief u skoolprinsipaal, die Distrikskantoor of die Departement Basiese Onderwys by 012 357 4277.



'n Beroep op ouers en lede van die gemeenskap

Speel 'n rol in u skoolbeheerliggaam (SBL)

Lees hier

'n Beroep op alle ouers!

Ons nooi u graag om 'n rol in u kinders se opvoeding te speel en deur middel van u skoolbeheerliggaam u stem in u kinders se skool te laat hoor. Daar is meer as 24 000 openbare skole in Suid-Afrika, en elke skool het 'n skoolbeheerliggaam (SBL) wat demokraties verkies word. Deur aan SBL-verkiesings deel te neem, het elke ouer die geleentheid om deel te word van die Regering se poging om leeruitkomste te verbeter, en om ons te help om ons doelwit van gehalte-onderwys in al ons skole te bereik. Dit is u kans as ouer of lid van die gemeenskap om 'n verskil in ons skole te maak.



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

Wat is 'n skoolbeheerliggaam of SBL?
Dit is die taak van SBL'e om seker te maak dat skole glad en doeltreffend funksioneer. Hierdie demokraties verkose SBL'e speel 'n kritieke rol daarin om die gehalte van onderwys te verbeter; goeie bestuur te verseker; seker te maak dat skole die belange van die gemeenskap dien en aan die verwagtinge van ouers voldoen; te help om die koste van onderwys oor die gemeenskap in sy geheel te versprei; en om rassisme, seksisme en alle ander vorme van onbillike diskriminasie en onverdraagsaamheid te bekamp. SBL'e doen aan die skoolgemeenskap verantwoording, en behoort met toewyding te poog om gehalteleer en -onderrig in al ons skole te bewerstellig.
Wat doen SBL'e?
SBL'e speel 'n sleutelrol in die formulering van beleide in verband met kwessies soos taal, religieuse onderrig, skoolgeld en 'n gedragskode vir leerders. Let egter daarop dat SBL'e verplig word om beleide te formuleer wat – • alle Suid-Afrikaanse kinders in staat stel om tot die skoolstelsel toe te tree; • waardes van nierassigheid en gelykheid tussen seuns en meisies bevorder; • gemeenskappe help om al die religieë en kulture van ons land te respekteer en verdraagsaamheid daarteenoor te openbaar; • kinders aanmoedig om verskeie van ons landstale te praat, kinders se regte respekteer, en niegewelddadige probleemoplossingsmetodes bevorder.
Waarom behoort ouers by SBL'e betrokke te raak?
U as ouer het die volmaakte geleentheid om moontlikhede en geleenthede vir al die leerders by u kind se skool te bevorder deur aan die 2012-vierkiesings van SBL'e deel te neem. Dit is die verantwoordelikheid van elke ouer om belangstelling te toon en om 'n rol in die bestuur van hul kind se skool te speel, en so te verseker dat die skool die bes moontlike gehalte onderwys aan al die leerders van die skool bied. Die ervaring het getoon dat skole met hoë vlakke van ouerbetrokkenheid dikwels die beste presteer, sowel akademies as sosiaal gesproke. Dit is dus belangrik dat alle ouers by die bestuur van hulle kind se skool betrokke moet raak, en die SBL is die ideale kanaal daarvoor. Moenie huiwer om by u kind se opvoeding betrokke te raak en 'n bydrae tot die skool te lewer nie. Dit is u plig as ouer of lid van die gemeenskap om op enige moontlike wyse te dien. U beloning sal die verbetering van u kind se resultate te wees. Dit sal hom of haar nie net van 'n beter toekoms verseker nie, maar ook 'n bydrae lewer tot die versterking van die land in sy geheel.
Wanneer vind verkiesings vir SBL'e plaas?
Die demokratiese SBL-verkiesings is daarop gemik om legitieme SBL'e in elke skool te vestig. Ingevolge die Suid-Afrikaanse Skolewet word SBL'e elke drie jaar verkies, en die volgende verkiesings vind in Maart vanjaar plaas.
Wie dien in die SBL?
'n Skool se SBL word saamgestel uit die belangrikste belanghebbendes: hoofsaaklik ouers, opvoeders, personeel wat nie opvoeders is nie, leerders (van Graad 8 en hoër) en lede van die gemeenskap. Die ampstermyn is 'n jaar vir leerders en hoogstens drie jaar vir alle ander lede. Skoolprinsipale is outomaties lede van die SBL.

Die volgende lede dien dus in die SBL:
• die ouers of voogde van leerders in die skool; • opvoeders; • leerders van Graad 8 en hoër; • personeellede wat nie opvoeders is nie; • die prinsipaal uit hoofde van sy of haar amptelike hoedanigheid; en • gekoöpteerde lede
Wie kan nie in 'n skool se SBL dien nie?
'n Persoon kan nie vir die SBL verkies word nie indien hy of sy: • geestelik versteurd is en deur 'n bevoegde hof as sodanig verklaar is; • skuldig bevind is aan 'n oortreding en gevonnisd is tot gevangenisstraf sonder die opsie van 'n boete vir 'n tydperk van meer as ses maande, of nog nie sy of haar volle gevangenisstraf voltooi het nie, of 'n ongerehabiliteerde insolvente persoon is; of • nie meer in die kategorie val van lede wat hy of sy ten tyde van die verkiesing verteenwoordig het nie.
Kan lede van die gemeenskap wat nie ouers is nie, lid van die SBL word?
Ja! Die SBL mag lede met kundigheid in velde wat die SBL en die skool mag bevoordeel, koöpteer. Enige lid van die gemeenskap wat bepaalde vaardighede, kreatiwiteit, passie en toewyding aan gehalte-onderwys kan bied, mag gekoöpteer word. Die SBL mag iemand nodig hê wat met fondsinsameling, bemaking of rekenaarkwessies kan help, of selfs 'n voormalige leerder wat nou 'n suksesvolle sakepersoon in die gemeenskap is. Dit is belangrik om daarop te let dat gekoöpteerde lede geen stemreg het nie, maar dat hulle 'n enorme bydrae tot hul plaaslike skool kan lewer.
Hoe groot is die SBL?
Die getal ouerlede moet een meer wees as die gesamentlike totale getal ander lede met stemreg. Elke provinsie het 'n skedule opgestel wat die aantal lede in elke komponent van die SBL bepaal, gebaseer op voornoemde maatstaf asook leerderregistrasie by die skool. Hierdie skedule word in die provinsiale regulasies vervat.
Watter ampsdraers moet in die SBL verkies word?
Elke SBL moet bepaalde ampsdraers kies, met inbegrip van 'n voorsitter, 'n tesourier en 'n sekretaris of sekretaresse. Hierdie aanstellings moet plaasvind by 'n registrasievergadering wat binne 14 dae na die verkiesing van die SBL gehou moet word. Slegs 'n ouerlid mag as voorsitter van die SBL dien.
Wat is 'n SBL-lid se dienstermyn?
Met die uitsondering van leerderlede mag geen SBL-lid langer as drie jaar dien nie. Leerderlede en ampsdraers se dienstermyn mag nie 'n jaar oorskry nie. Ampsdraers mag hulle egter herverkiesbaar stel wanneer die tydperk van 'n jaar verstryk het.